“**winery**” means premises or facilities which are used in the production of wine and such premises or facilities include facilities for crushing grapes and fermentation and aging of wine, tasting rooms, barrel and storage rooms, bottling rooms, tank rooms, laboratories or offices and other accessory or ancillary facilities incidental to the production of wine and accessible by the public, which may include:-

- (a) A restaurant and other food services; or
- (b) A subsidiary retail facility to tours or visitors selling wines of the specific winery excluding any other form of liquor.

“**wine industry**” (wynbedryf) means a site or building, or portion of a site or building utilized or intended to be utilized for the manufacture of liquor in the form of wine or spirits from grapes.

2. APPLICATION OF THIS BY-LAW

This by-law applies to all-

Licensees, their managers, their employees and any other person selling Liquor within the geographical area of the Municipality, limited to those falling within the jurisdiction of the Magistrates' Court of Stellenbosch.

3. INTERPRETATION

Any authorising in terms of this by-law, should not be interpreted as the sanctioning of any trade, which had not been approved in terms of relevant legislation.

4. TRADING DAYS AND HOURS FOR SALE AND CONSUMPTION OF LIQUOR ON LICENSED PREMISES

- (1) A licensee may sell liquor for consumption on the licensed premises on the following days and hours:
 - (a) On all days,
 - (b) During the hours of trade as set out in the Schedule.

² Definitions of Stellenbosch Zoning scheme regulations

(2) Despite the provisions of this by-law, a licensee as contemplated in **subsection (1)**, may serve sparkling wine,

- (a) from 8h00 to 10h00;
- (b) as part of a meal; and
- (c) to guests who are part of an organized function where admittance is controlled.

5. **TRADING DAYS AND HOURS FOR SALE OF LIQUOR OFF LICENSED PREMISES**

A licensee may sell liquor for consumption **off the licensed premises** on the following days and hours:

- (a) Monday to Saturday;
- (b) From 9h00 to 20h00.

6. **EXTENSION OF TRADING TIMES**

(1) Application for extended trading days and hours

- (a) A licensee may, upon payment of the required fee submit a written application to the Municipality to extend the trading days and/or hours in respect of a licensed premises. Applications for extension to trade on Sundays will be limited to hours from 11.00 to 18.00.
- (b) The Municipality may refuse or approve such application with or without terms and conditions.
- (c) No rights accrue to any person who has applied for an extension of trading days and hours before the receipt of approval of the Municipality.
- (d) The Municipality must, when considering an application for the extension of trading days and hours, consider factors which may include:-
 - (i) Outcome of community consultation;
 - (ii) Public interest;
 - (iii) Proximity of the licensed premises to a residential area, cultural, religious or educational facility;
 - (iv) The planning and zoning requirements of the Municipality;
 - (v) The validity of a business license issues in terms of the Business Act 71 of 1991 where applicable;
 - (vi) The potential impact on the tranquility and well-being of the community;
 - (vii) Previous suspension, amendment or revocation of extended trading days and hours;
 - (viii) Validity of liquor license;
 - (ix) Record of and/or report of any offence and/or contraventions relating to the liquor license of applicant, whether in terms of this bylaw or otherwise;
 - (x) Applicant's comments in respect of paragraphs (i) – (x) and the steps proposed to mitigate:-
 - (a) The risks to the surrounding community;
 - (b) Nuisance on the surrounding community;
 - (c) The possible benefits of extended liquor trading hours and days on the surrounding community.

7. OBLIGATIONS ON THE LICENSEE

(1) Display of signage and certificates

- (a) A licensee must, to the satisfaction of the authorized official, ensure that following certificates are prominently displayed inside the licensed premises:
 - (i) The certificate issued by the Municipality stating the zoning or land use in respect of the premises for purposes of this by-law;
 - (ii) The population certificate in respect of the premises issued in terms of the Fire Safety by-law of the Municipality;
 - (iii) Business license and/or certificate issued by the Municipality.
- (b) A licensee must, to the satisfaction of the authorized official, ensure that the following information are prominently displayed on the front door or window of the premises in characters not less than five centimeters in height:
 - (i) The liquor license number under which liquor may be sold; and
 - (ii) The hours during which liquor may be sold.

(2) Safety and Security

- (a) A licensee must ensure compliance with all applicable legislation.
- (b) A licensee must ensure that reasonable and adequate safety and security measures are in place for the protection of patrons by ensuring, amongst others but not limited to, that:-
 - (i) the storage of goods and equipment and the condition of the premises and any structure thereon do not endanger the lives of patrons inside the premises; and
 - (ii) there is adequate lighting on the outside of the premises where patrons and staff access and exit the licensed premises.

(3) Liquor premises must be weapon free

A licensee must ensure that no weapons or sharp objects are permitted inside on consumption liquor premises.

8. COMPLIANCE AND ENFORCEMENT

- (1) An Authorized Official may, in the performance of his or her functions in terms of this by-law or the Act, at all reasonable times enter-
 - (a) any licensed premises;
 - (b) any premises in respect of which a liquor license application is pending;
 - (c) any premises on which he or she on reasonable grounds suspects that liquor is being sold contrary to the provisions of this by-law of the Act; and make such investigation, enquiries or inspections as he or she may deem necessary.

- (2) When entering premises in terms of this section, the authorized official must on request identify himself or herself to the person in charge of the premises.
- (3) An authorized official may issue and serve a notice of non-compliance, on the licensee or any person in control of licensed premises, calling upon such person to comply with the provisions of this by-law, a condition of the license or the Act within a specified but reasonable time.
- (4) A compliance notice must stipulate:-
 - (a) the provisions of the by-law, license condition or the Act that must be complied with;
 - (b) the act or omission constituting non-compliance; (c) the measures which must be taken to comply;
 - (a) the date or time by which compliance must be achieved, where applicable;
 - (e) the possible consequences of non-compliance.
- (5) An authorized official may issue the licensee or any person in control of licensed premises with a fine as provided in the fines list of this by-law or the Act.

9. PREVENTION OF ILLEGAL SALE OF LIQUOR AND SEIZURE OF LIQUOR

- (1) An authorized official may temporarily close a licensed premises if found that it is trading at any other hours than provided for in the Schedule, or trading without an extension permit as provided for in clause 5. The licensed premises will be closed until the next hour of which it is authorized to trade.
- (2) An authorized official may temporarily close a licensed premises in order to conduct an enforcement operation, in conjunction with the South African Police Service or the Western Cape Liquor Authority and seize and/or impound any liquor offered for sale or drug related substances on the licensed premises.

10. APPEAL

A person or judicial entity whose rights are affected by a decision of the Municipality in terms of delegated authority may appeal that decision by giving written notice of the appeal and the reasons therefore in terms of section 62 of the Local Government : Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) to the Municipal Manager within 21 days of the date of notification of the decision.

11. OFFENCE AND PENALTIES

A licensee who contravenes or fails to comply with a-

- (1) Provision of this by-law;
- (2) Condition or instruction in connection with this by law; or
- (3) Notice from an authorized official,

shall be guilty of an offence and is liable to a fine as set out in the applicable fine list authorized by the Magistrate in the area, **or** the fine list in terms of the Act , whichever is applicable at the time concerned, or to imprisonment as determined by a Court, or both, or any other punishment which the Court may find appropriate in the circumstances.

12. TRANSITIONAL PROVISIONS

The trading hours in respect of any license for premises upon which liquor may be sold for consumption either on or off the licensed premises, or both on and off licensed premises, issued prior to the commencement of this by-law will be replaced by the provisions of this by-law from the date of publication of this by-law.

13. SHORT TITLE

This by-law is called the "Stellenbosch Liquor Trading Hours By-Law" and shall come into operation after it is published in the Provincial Gazette.

SCHEDULE

Trading hours for selling liquor on licensed premises is according to the certificate provided for in 4(1)(a)(i) and (ii) are:

LOCATION CATEGORY & LICENSED PREMISES TYPE	MAXIMUM PERMITTED TRADING HOURS
1. RESIDENTIAL AREA	
(a) Guest accommodation establishment / Guest house	11h00 to 24h00
(b) Business premises/Specific business	
(c) Place of entertainment/Place of recreation/Gathering place	
(d) Sports and community club excluding special events requiring temporary licences	
(e) Hotel	
2. LOCAL OR NEIGHBOURHOOD BUSINESS	
(a) Guest house/ Guest accommodation establishment / Guest house	11h00 to 24h00
(b) Business premises/Specifi business/ Gathering place,	
(c) Place of entertainment/Place of recreation	
(d) Sports and community club excluding special events requiring temporary licences	
(e) Hotel	
3. GENERAL BUSINESS AREA	
(a) General business area including mixed use areas	10h00 to 2h00 the following day
(b) Guest house/ Guest accommodation establishment	
(c) Business premises / Specific business	
(d) Place of entertainment/Place of recreation/Gathering places	
(e) Sports and community club excluding special events requiring temporary licences	
(f) Hotel	

4. INDUSTRIAL AREA	
(a) Industrial area including mixed use area	10h00 to 2h00 the following day
(b) Business premises/ Specific business	
(c) Place of entertainment/Place of recreation/Gathering places	
(d) Sports and community club excluding special events requiring temporary licences	
5. AGRICULTURE AREA/ RURAL AREA	
(a) Guest house accommodation establishment	10h00 to 24h00
(b) Business premises/Specific business/Gathering places	
(c) Place of entertainment/Place of recreation	
(d) Sports and community club excluding special events requiring temporary licences	
(e) Winery/Wine industry	
(f) Hotel	
6. OTHER AD HOC LOCATIONS	
(a) Special events or temporary licensed premises	As determined by special applications

Note : Determine of application of applicable location category

Where the location category as set out above is unclear or in dispute or difficult to determine or areas are not zoned homogenously (eg. a business zoned premises in the middle of a residential area) then the actual zoning, consent use or departure rights of the subject licensed premises will take precedence in order to determine the category, and in terms of Section 6(1)(a)(i) above.



STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT

VERORDENING INSAKE HANDELSURE VIR DRANKVERKOPE

AANHEF

Stellenbosch Munisipaliteit het uit hoofde van die gesag aan hom verleen deur artikel 156 (2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, soos gewysig, saamgelees met artikel 13 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet No. 32 van 2000), die volgende verordening aanvaar, soos aangedui hieronder.

In hierdie verordening sluit woorde wat die manlike geslag beteken ook die vroulike geslag in.

Alle interpretasies ten opsigte van enkelvoud sal ook meervoud insluit en omgekeerd.

Die Engelse teks van hierdie verordening sal voorrang geniet in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, tensy dit anders blyk in die interpretasie.

INHOUDSOPGAWE

1. Definisies
2. Toepassing van hierdie verordening
3. Interpretasie
4. Handelsdae en -ure vir die verkoop en gebruik van drank op gelisensieerde persele
5. Handelsdae en -ure vir die verkoop en gebruik van drank buite die gelisensieerde persele
6. Verlenging van handelstye

7. Verpligtings op die lisensiehouer
8. Voldoening en afdwingbaarheid
9. Voorkoming van onwettige verkoop van drank en beslaglegging van drank of onwettige middels
10. Appèl
11. Oortredings en boetes
12. Oorgangsbepalings
13. Kort titel

Bylae

1. DEFINISIES

In hierdie verordening, tensy die konteks anders aandui, beteken:-

“**die Wet**” die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet No 4 van 2008), soos gewysig;

“**landbougebied**” ’n gebied wat hoofsaaklik vir landbou of enige gelykwaardige sonering aangewys is met die doel om landbou-aktiwiteit op ’n plaas as belangrike ekonomiese, omgewings- en kulturele hulpbron te bevorder en te beskerm, waar beperkte voorsiening gemaak is vir nie-landboukundige gebruike om eienaars van ’n geleentheid te voorsien om die ekonomiese potensiaal van hul eiendom te verhoog sonder om ’n beduidende negatiewe impak op die primêre landbouhulpbronne te veroorsaak;

“**gemagtigde beampte**” is enigiemand of ’n kombinasie van ’n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, en/of ’n inspekteur aangewys as ’n Kommissaris deur die Wes-Kaapse Drankraad ingevolge artikel 334(1) van die Strafproseswet, en/of enige persoon wat ’n polisiebeampte ingevolge daardie artikel is;

“**besigheidspersoneel**” ’n plek vanwaar sake gedoen word, en ’n wye verskeidenheid kommersiële en professionele dienste en handelsgebruike insluit soos, maar nie beperk nie tot winkels, kantore, finansiële instellings, posagentskappe, gesondheidsentrums, restaurante, supermarkte, winkelsentrums, mediese spreekkamers wat nie in ’n kliniek of hospitaal geleë is nie, maar enige ander grondgebruik uitsluit wat ingevolge ’n ander kategorie van grondgebruik gekategoriseer word of waarvoor die Raad se toestemming verkry moet word, soos ’n vermaaklikheidsplek;

“Raad” die Munisipale Raad van die Stellenbosch Munisipaliteit;

“algemene besigheidsgebied” ’n gebied wat hoofsaaklik vir algemene sake- of ander soortgelyke sonering aangewys is met die doel om ekonomiese aktiwiteite in ’n sakedistrik en ontwikkelingskorridor te bevorder;

“gasteverblyfonderneming” ’n perseel wat as tydelike woning gebruik word en die voorsiening van maaltye vir kortstondige gaste teen vergoeding insluit, maar nie beperk is nie tot ’n rugsakreisigerslodge, ’n bed-en-ontbyt-onderneming, gasteplaas of lodge(s) asook fasiliteite vir sakebyeenkomste, konferensies, funksies of opleidingsessies vir inwonende gaste, maar met uitsondering van ’n hotel;

“gastehuis” ’n kommersiële woonhuis wat uit nie meer as 15 slaapkamers bestaan en nie meer as 30 gaste gelyktydig teen vergoeding huisves nie en wat –

- (a) Die primêre bron van besigheid is en waarvan die doel die verskaffing van toeristeverblyf, maaltye en drinkgoed (wat drank kan insluit) vir kortstondige gaste is;
- (b) Fasiliteite vir sakebyeenkomste of opleidingsessies vir gaste op die perseel kan insluit;
- (c) ’n Gesondheidsentrum en konferensiefasiliteit vir kortstondige gaste met die nodige toestemming van die Raad, beperk tot diens aan gaste alleenlik kan insluit; en
- (d) Uit een of ’n groep geboue kan bestaan wat as ’n harmonieuse argitektoniese entiteit ontwerp is.

“hotel” ’n kommersiële woning wat uit 16 en meer slaapkamers bestaan, meer as 30 gaste gelyktydig teen vergoeding kan huisves en die volgende kan insluit:-

- (a) ’n restaurant of restaurante wat deel uitmaak van die hotel;
- (b) konferensie- en vermaaklikheidsfasiliteite wat ondergeskik is aan en bykomstig is tot die hoofgebruik van die eiendom as ’n hotel;
- (c) persele wat gelisensieer is om alkoholiese drank te verkoop vir verbruik op of weg van die eiendom af tesame met of sonder maaltye vir gaste en/of die publiek;
- (d) een gebou of ’n groep geboue wat as ’n harmonieuse argitektoniese entiteit ontwerp is, maar ’n oornagplek vir rugsakreisigers, bed-en-ontbyt-onderneming, gastehuis, gasteplaas of lodge(s) asook buiteverbruikfasiliteite vir sakebyeenkomste, konferensies, funksies of opleidingsessies vir gaste op die perseel uitsluit;

“nywerheidsgebied” ’n gebied wat hoofsaaklik as algemene nywerheidsone gesoneer is of enige ander soortgelyke sonering met die doel om alle vorme van nywerheid, insluitende vervaardiging en verwante verwerking te akkommodeer, maar wat giftige of gevaarlike risikoaktiwiteit uitsluit;

“lisensiehouer” die persoon aan wie ’n dranklisensie¹ ingevolge die Wet uitgereik is;

¹ Artikel 33 van die Wet maak voorsiening vir die volgende kategorieë lisensies –

- (a) ’n lisensie vir die mikro-vervaardiging en verkoop van drank vir verbruik op en van die perseel af waar die drank verkoop word;

“**gelisensieerde perseel**” die perseel waarop drank verkoop, gebruik of geberg kan word ingevolge ’n lisensie onder die Wet uitgereik;

“**gelisensieerde besigheid**” die besigheid wat op ’n gelisensieerde perseel bedryf kan word, soos deur die Drankowerheid gemagtig;

“**drankraad**” die Wes-Kaapse Drankraad deur **artikel 2(1)** van die Wet ingestel;

“**gemengde-gebruikontwikkeling**” enige stedelike, voorstedelike of kleindorpontwikkeling of selfs ’n enkele gebou wat ’n kombinasie van residensiële, kommersiële, kulturele, institusionele of nywerheidsgebruike ineen laat vloei waar daardie funksies fisies en funksioneel geïntegreer is en wat voetgangerverbindings verskaf;

“**munisipaliteit**” die Stellenbosch Munisipaliteit wat ingevolge **artikel 12** van die **Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet No. 117 van 1998**, gestig en in **Provinsiale Kennisgewing 5643**, gedateer **4 Desember 2000**, gepubliseer is, en sluit in enige politieke ampsdraer, raadslid of enige werknemer wat in verband met hierdie verordening optree uit hoofde van ’n mag wat by die munisipaliteit berus en wat aan sodanige politieke ampsdraer, raadslid of werknemers gedelegeer of gesubdelegeer is;

“**vermaaklikheidsplek**” ’n plek wat hoofsaaklik vir kommersiële vermaak gebruik word waar besoekers aan die aktiwiteite deelneem of uitvoerings bywoon wat gereeld groot getalle mense kan lok en gereeld geraas weens musiek of luidrugtigheid kan veroorsaak, en waar alkohol verbruik kan word, soos ’n nagklub, kroeg, bioskoopteater en vermaaklikheidsarkade;

“**buitemuurse ontspanningsplek**” grond wat in openbare of privaatbesit is, en wat uitgesit is vir buitemuurse sport en ontspanning soos sportterreine en -velde, sportstadions, set-set, miniatuurgholf, gholfbane, en waar die volgende geboue slegs by wyse van bykomende toestemming van die Raad toegelaat word: ablusiefasiliteite, klubhuise, store, hekhuisies en verwante administratiewe geboue;

“**residensiële gebied**” ’n gebied hoofsaaklik gesoneer as informele, enkel of algemene residensiële gebied of met enige ander ekwivalente sonering, met die doel om hoofsaaklik enkelgesin woonhuise in lae- tot mediumdigtheidsbuurte te huisves, asook woongebiede van hoër digtheid en wat insluit beheerde geleenthede vir werkverskaffing van die huis af, addisionele wonings en gemengde gebruiksonwikkeling van lae intensiteit;

-
- (b) ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik op die perseel waar die drank verkoop word;
 - (c) ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik van die perseel af waar die drank verkoop word;
 - (d) in uitsonderlike omstandighede, ’n lisensie vir die verkoop van drank vir beide die verbruik op en van die perseel af waar die drank verkoop word;
 - (e) ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik op en van die perseel af waar die drank by spesiale geleenthede verkoop word; en
 - (f) ’n tydelike dranklisensie vir die verkoop van drank vir verbruik op en van die perseel af waar die drank verkoop word.

“**vonkelwyn**” ’n bruisende wyn as gevolg van die fermentasie van druie, hetsy deur natuurlike of kunsmatige prosesse, en sluit Champagne in;

“**spesifieke besigheid**” ’n sakegebruik van ’n bepaalde aard, maar binne die raamwerk van **artikel 10(7)** wat deur die Raad vir ’n spesifieke perseel voorgeskryf word²;

“**sport- en gemeenskapsklub**” ’n perseel of ’n fasiliteit wat gebruik word vir die bymekaarkom van die gemeenskap of burgerlike organisasies of verenigings, sportklubs of ander sosiale of ontspanningsklubs wat meestal nie vir wins bedryf word nie, en kan insluit gemeenskapsdiensklubs en -sentrums of soortgelyke geriewe, maar sluit ’n nagklub uit;

“**handelsdae**” die dae waarop drank tydens handelsure verkoop mag word;

“**handelsure**” die ure waartydens drank op handelsdae verkoop mag word;

“**toerismefasiliteit**” geriewe vir toeriste soos restaurante, geskenkwinkels, gesondheidsentrums, wynproe en -verkope wat by besienswaardighede geleë is wat hoofsaaklik deur toeriste besoek word, maar wat oornagverblyf uitsluit;

“**wyn**” wyn soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Drankprodukte, Wet No. 60 van 1989;

“**wynmakery**” persele of fasiliteite wat gebruik word vir die vervaardiging van wyn, en sodanige perseel of fasiliteit waar druie gepars word en fermentasie en veroudering van wyn plaasvind, proekamers, vat- en stoorkamers, botteleringskamers, tenkkamers laboratoriums of kantore en ander bykomende of aanvullende fasiliteite bykomstig tot die produksie van drank en wat toeganklik vir die publiek is, wat kan insluit –

- (a) ’n restaurant en ander voedseldienste; of
- (b) ’n ondergeskikte kleinhandelsfasiliteit vir toeriste of besoekers wat wyne van die bepaalde wynmakery verkoop, uitsluitende enige ander vorm van drank.

“**wynbedryf**” ’n perseel of gebou of deel van ’n terrein of gebou wat gebruik word vir of bedoel word om gebruik te word vir die vervaardiging van drank in die vorm van wyn of spiritueel uit druie.

2. TOEPASSING VAN HIERDIE VERORDENING EN INWERKINGSTREDE

Hierdie verordening is van toepassing op alle:-

- (a) lisensiehouers met ’n lisensie om ingevolge die Wet of enige ander toepaslike wetgewing drank te verkoop; en
- (b) lisensies wat ingevolge die **Drankwet (Wet No. 27 van 1989)** binne die jurisdiksie van Stellenbosch hernu is.

² Definisies van die Stellenboschse Soneringskema regulasies

Hierdie verordeing sal in werking tree op die eerste dag nadat dit gepubliseer is in die Provinsiale Gazette.

3. INTERPRETASIE

Die goedkeuring van die verordening insake handelsure vir drankverkope moet nie vertolk word as die goedkeuring van enige handel wat nie ingevolge relevante wetgewing goedgekeur is nie.

4. HANDELSDAE EN -URE VIR VERKOPE EN VERBRUIK VAN DRANK OP GELISENSIEERDE PERSELE

(1) 'n Gelisensieerde mag drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel op die onderstaande dae en ure verkoop:

- (a) Op enige dag van die week
- (b) gedurende die handelsure soos in die Bylae uiteengesit.

(2) Ondanks die bepalings van hierdie verordening mag 'n lisensiehouer, soos bedoel in subartikel (1), vonkelwyn bedien:-

- (a) vanaf 08:00 tot 10:00 vir sewe dae per week;
- (b) as deel van 'n maaltyd; en
- (c) aan gaste wat deel uitmaak van 'n georganiseerde funksie waar toegang beheer word.

5. HANDELSDAE EN -URE VIR VERKOPE EN VERBRUIK VAN DRANK BUIE GELISENSIEERDE PERSELE

'n Lisensiehouer mag drank vir verbruik buite die gelisensieerde perseel op die volgende dae en ure verkoop:

- (a) Maandae tot Saterdag
- (b) vanaf 09:00 tot 20:00.

6. VERLENGING VAN HANDELSTYE

(1) Aansoek om verlengde handelsdae en -ure

- (a) 'n Lisensiehouer kan, by betaling van die verlangde fooi en minstens drie maande voor die verlangde verlenging, 'n geskrewe aansoek by die Munisipaliteit indien om die handelsdae en/of handelsure ten opsigte van 'n gelisensieerde perseel te verleng. Hierdie aansoek is beperk tot Sondag vanaf 11.00 tot 18.00

- (b) Die Munisipaliteit kan sodanige aansoek, met of sonder bepalings en voorwaardes, goedkeur of afkeur.
- (c) Geen regte word aan enige persoon verleen wat om 'n verlenging van handelsdae en -ure aansoek gedoen het voor die ontvangs van goedkeuring van die Munisipaliteit nie.
- (d) Die Munisipaliteit moet in sy oorweging van 'n aansoek om die verlenging van handelsdae en -ure faktore oorweeg wat kan insluit:-
 - (i) Uitkoms van gemeenskapskonsultering;
 - (ii) Openbare belang;
 - (iii) Nabyheid van die gelisensieerde perseel tot 'n woongebied, kulturele, godsdienstige of opvoedkundige fasiliteit;
 - (iv) Die beplannings- en soneringsvereistes van die Munisipaliteit;
 - (v) Die geldigheid van 'n besigheidslisensie uitgereik ingevolge die Wet op Besighede, Wet No. 71 van 1991, waar van toepassing;
 - (vi) Die potensiele impak op die stilte en welstand van die gemeenskap;
 - (vii) Vorige opskorting, wysiging of terugtrekking van verlengde handelsdae en -ure;
 - (viii) Geldigheid van dranklisensie;
 - (ix) Optekening en/of rapportering van enige oortreding en/of afwykings ten opsigte van die aansoeker se dranklisensie, hetsy ingevolge hierdie verordening of andersins;
 - (x) Aansoeker se kommentaar ten opsigte van paragraaf (i) – (x) en die voorgestelde stappe om te mitigeer:-
 - (a) Die risiko's vir die omliggende gemeenskap;
 - (b) Steurnis vir die omliggende gemeenskap;
 - (c) Die moontlike voordele van verlengde drankhandelsdae en -ure vir die omliggende gemeenskap.

7. VERPLIGTINGS OP DIE LISENSIEHOUER

(1) Vertoon van uithangborde en sertifikate

- (a) 'n Lisensiehouer moet, tot die bevrediging van die gemagtigde beampte, verseker dat die volgende sertifikate opsigtelik binne die gelisensieerde perseel vertoon word:
 - (i) Die sertifikaat uitgereik deur die Munisipaliteit wat die sonering of grondgebruik aandui met betrekking tot die perseel vir doeleindes van hierdie verordening;
 - (ii) Die bevolkingssertifikaat met betrekking tot die perseel, uitgereik ingevolge die Brandveiligheidsverordening van die Munisipaliteit; en
 - (iii) Besigheidslisensie en/of -sertifikaat uitgereik deur die Munisipaliteit.
- (b) 'n Lisensiehouer moet, tot die bevrediging van die gemagtigde beampte, verseker dat die volgende inligting opsigtelik op die voordeur of -venster van die perseel aangebring word in letters van nie minder nie as 5 cm in grootte:
 - (i) Die dranklisensienommer waaronder drank verkoop kan word; en
 - (ii) Die ure waartydens drank verkoop kan word.

(2) Veiligheid en sekuriteit

- (a) 'n Lisensiehouer moet verseker dat hy/sy aan alle toepaslike wetgewing voldoen.
- (b) 'n Lisensiehouer moet verseker dat redelike en voldoende veiligheids- en sekuriteitsmaatreëls in plek is vir die beskerming van besoekers deur onder andere te verseker maar nie beperk is tot nie, dat:-
 - (i) die berging van goedere en toerusting asook die toestand van die perseel en enige struktuur daarop nie besoekers se lewens binne die perseel in gevaar stel nie; en
 - (ii) daar voldoende beligting aan die buitekant van die perseel is waar besoekers en personeel die gelisensieerde perseel binnekom en verlaat.

(3) Drankperseel moet wapenvry wees

'n Lisensiehouer moet verseker dat geen wapens of skerp voorwerpe binne die perseel toegelaat word nie waar drank op die perseel gebruik word nie.

8. VOLDOENING EN AFDWINGBAARHEID

(1) 'n Gemagtigde beampte kan in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie verordening op alle redelike tye die volgende betree:-

- (a) enige gelisensieerde perseel;
- (b) enige perseel nadat 'n aansoek om 'n drank lisensie ingedien en hangend is;
- (c) enige perseel waarop hy of sy op redelike gronde vermoed dat drank in stryd met die bepalings van hierdie verordening verkoop word;

en sodanige ondersoeke, navrae of inspeksies te loods soos hy of sy as nodig beskou.

(2) By betreding van die perseel ingevolge hierdie artikel moet die gemagtigde beampte hom of haar teenoor die persoon in beheer van die perseel identifiseer.

(3) 'n Gemagtigde beampte kan 'n kennisgewing van nievoldoening teen die lisensiehouer of enige persoon in beheer van die gelisensieerde perseel uitreik of op sodanige persoon beteken, met die versoek dat sodanige persoon ingevolge die boetelys van hierdie verordening aan die bepalings van hierdie verordening moet voldoen, waar van toepassing.

(4) 'n Voldoeningskennisgewing moet die volgende stipuleer:-

- (a) die bepalings van die verordening waaraan voldoen moet word;
- (b) die handeling of versuim wat nievoldoening veroorsaak het;
- (c) die maatreëls wat getref moet word om aan die vereistes te voldoen;
- (d) die datum of tyd waarop aan die vereistes voldoen moet word, waar van toepassing; en

(e) die moontlike gevolge van nie voldoening.

(5) 'n Gemagtigde beampte mag 'n boete uitreik aan die eienaar, en/of persoon in beheer van die gelisensieerde perseel ingevolge die boetelys van hierdie verordening.

9. VOORKOMING VAN ONWETTIGE VERKOOP VAN DRANK EN BESLAGLEGGING OP DRANK

- (1) 'n Gemagtigde beampte kan 'n gelisensieerde perseel tydelik sluit as dit aan die lig kom dat dit op enige ander tye handel dryf as waarvoor in die Bylae voorsiening gemaak is of handel dryf sonder 'n verlengingspermit, soos waarvoor in klousule 5 voorsiening gemaak is. Die gelisensieerde perseel sal gesluit bly tot die volgende uur waarop dit gemagtig is om handel te dryf.
- (2) 'n Gemagtigde beampte kan 'n gelisensieerde perseel tydelik sluit ten einde 'n polisieklomp in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie, en waarvoor voorsiening gemaak is in die Wet op Kriminele Prosedure (Wet No. 51 van 1977) of enige ander toepaslike wetgewing, uit te voer en op enige drank of dwelmverwante middels beslag lê en/of skut wat op 'n gelisensieerde perseel in stryd met hierdie verordening of enige ander wetgewing te koop aangebied word.

10. APPÈL

'n Persoon of regs-entiteit wie se regte deur 'n besluit van die Munisipaliteit ingevolge gedelegeerde mag beïnvloed is, kan teen daardie besluit appelleer deur geskrewe kennisgewing van die appèl en die redes daarvoor binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing van die besluit aan die Munisipale Bestuurder te verskaf in terme van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels van 2000 (Wet No. 32 van 2000).

11. OORTREDING EN BOETES

'n Lisensiehouer wat in stryd optree met of in gebreke bly om te voldoen aan 'n:-

- (1) bepaling van hierdie verordening;
- (2) voorwaarde of instruksie in verband met hierdie verordening; of
- (3) kennisgewing van 'n gemagtigde beampte,

sal skuldig wees aan 'n oortreding en is onderhewig aan 'n boete, soos gemagtig deur die streeklanddros, van tyd tot tyd na hersiening of by skuldigbevinding en vonnisoplegging, soos bepaal deur 'n geregshof of albei of enige ander straf wat na die oordeel van die landdros toepaslik is in die omstandighede.

12. OORGANGSBEPALINGS

Die handelsure ten opsigte van enige lisensie vir 'n perseel waarop drank verkoop kan word vir verbruik, hetsy op of van die gelisensieerde perseel af, of op en van die gelisensieerde perseel af, uitgereik voor die aanvang van hierdie verordening, sal deur die bepalings van hierdie verordening vervang word.

13. KORT TITEL

Hierdie verordening staan bekend as "Stellenbosch se Verordening op Drankhandelsure".

BYLAE

Handelsure vir die verkoop van drank op gelisensieerde perseel is hieronder ingesluit.

LIGGINGSKATEGORIE EN SOORT GELISENSIEERDE PERSEEL	MAKSIMUM HANDELSURE	TOEGELATE
1. WOONGEBIED		
a. Gasteverblyfonderneming / Gastehuis	11:00 tot 24:00	
b. Sakeperseel / Spesifieke sakeonderneming		
c. Vermaaklikheidsplek / Ontspanningsplek / Bymekaarkomplek		
d. Sport- en gemeenskapsklubs, uitsluitende spesiale geleenthede waarvoor tydelike lisensies benodig word		
e. Hotel		
2. PLAASLIKE OF BUURTSAKEONDERNEMING		
(a) Gasteverblyfonderneming / Gastehuis	11:00 tot 24:00	
(b) Sakeperseel / Spesifieke sakeonderneming		
(c) Vermaaklikheidsplek / Ontspanningsplek / Bymekaarkomplek		
(d) Sport- en gemeenskapsklubs, uitsluitende spesiale geleenthede waarvoor tydelike lisensies benodig word		
(e) Hotel		
3. ALGEMENE BESIGHEIDSGEBIED		
(a) Algemene sakegebied, insluitende gemengdegebruikgebied	10:00 tot 02:00 die volgende oggend	
(b) Gasteverblyfonderneming / Gastehuis		
(c) Sakeperseel / Spesifieke sakeonderneming		
(d) Vermaaklikheidsplek / Ontspanningsplek / Bymekaarkomplek		
(e) Sport- en gemeenskapsklubs, uitsluitende spesiale geleenthede waarvoor tydelike lisensies benodig word		
(f) Hotel		

4. NYWERHEIDSGBIED	
(a) Nywerheidsgebied insluitende gemengdegebruikgebied	10:00 tot 02:00 die volgende dag
(b) Sakeperseel / Spesifieke sakeonderneming	
(c) Vermaaklikheidsplek / Ontspanningsplek / Bymekaarkomplek	
(d) Sport- en gemeenskapsklubs, uitsluitende spesiale geleenthede waarvoor tydelike lisensies benodig word	
5. LANDBOUGEGBIED / LANDELIKE GBIED	
(a) Gasteverblyfonderneming / Gastehuis	10:00 tot 00:00
(b) Sakeperseel / Spesifieke sakeonderneming	
(c) Vermaaklikheidsplek / Ontspanningsplek / Bymekaarkomplek	
(d) Sport- en gemeenskapsklubs, uitsluitende spesiale geleenthede waarvoor tydelike lisensies benodig word	
(e) Wynmakery / Wynbedryf	
(f) Hotel	
6. ANDER AD HOC-PLEKKE	
(a) Spesiale geleenthede of tydelik gelisensieerde persele	Soos deur spesiale aansoeke bepaal

LET WEL: Bepaling van tersaaklike liggingskategorie

Waar die liggingskategorie, soos hierbo uiteengesit, onduidelik is of betwis word of moeilik bepaalbaar is of waar gebiede nie eenvormig gesoneer is nie (byvoorbeeld 'n sakegesoneerde perseel midde-in 'n woongebied), sal die werklike sonering, vergunning of afwyking van gebruiksregte van die onderhawige gelisensieerde perseel voorrang geniet met die oog daarop om die kategorie te bepaal.

GEORGE MUNICIPALITY

NOTICE NO: 069/2015

**REZONING AND DEPARTURE:
ERF 23016, 33 YORK STREET, GEORGE**

Notice is hereby given that Council has received the following application on the abovementioned property:

1. Rezoning in terms of Section 17(2)a of Ordinance 15 of 1985 **FROM BUSINESS ZONE TO GENERAL RESIDENTIAL ZONE** (residential building for a retirement village and care facility);
2. Departure in terms of Section 15 of Ordinance 15 of 1985 to:
 - (a) Increase the height restriction from 3 storeys to 4 storeys;
 - (b) Increase the floor factor from 0,75 to 1,0;
 - (c) Increase the coverage from 25% to 40%.

Details of the proposal are available for inspection at the Council's office, Civic Centre, 5th Floor, York Street, George, during normal office hours, Monday to Friday. **Enquiries:** Keith Meyer, Reference: Erf 23016, George.

Motivated objections, if any, must be lodged in writing with the abovementioned office by not later than **Monday, 31 August 2015**. **Please take note that no objections by e-mail will be accepted.**

Any person, who is unable to write, can submit their objection verbally to the Council's office where they will be assisted by a staff member to put their comments in writing.

T BOTHA, MUNICIPAL MANAGER, Civic Centre, York Street, GEORGE, 6530. Tel: (044) 801 9435, Fax: 086 529 9985
Email: keith@george.org.za

31 July 2015

58292

GEORGE MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING NR: 069/2015

**HERSONERING EN AFWYKING:
ERF 23016, YORKSTRAAT 33, GEORGE**

Kennis geskied hiermee dat die Raad die volgende aansoek op bogenoemde eiendom ontvang het:

1. Hersonering in terme van Artikel 17(2)a van Ordonnansie 15 van 1985 **VANAF SAKESONE NA ALGEMENE WOON SONE** (woongebou vir 'n aftree oord en versorgingsfasiliteite);
2. Afwyking in terme van Artikel 15 van Ordonnansie 15 van 1985 om:
 - (a) Die hoogtebeperking van 3 verdiepings te verhoog na 4 verdiepings;
 - (b) Die vloerfaktor te verhoog vanaf 0,75 na 1,0;
 - (c) Die dekking te verhoog vanaf 25% na 40%.

Vollêdige besonderhede van die voorstel sal gedurende gewone kantoorure, Maandag tot Vrydag, ter insae beskikbaar wees by die Raad se kantoor, Burgersentrum, 5de Vloer, Yorkstraat, George. **Navrae:** Keith Meyer, Verwysing: Erf 23016, George.

Gemotiveerde besware, indien enige, moet skriftelik by die bogenoemde kantoor ingedien word nie later nie as **Maandag, 31 Augustus 2015**. **Let asseblief daarop dat geen e-pos besware aanvaar word nie.**

Indien 'n persoon nie kan skryf nie, kan sodanige persoon sy kommentaar mondelings by die Raad se kantoor aflê waar 'n personeelid sal help om die kommentaar/vertoë op skrif te stel.

T BOTHA, MUNISIPALE BESTUURDER, Burgersentrum, Yorkstraat, GEORGE, 6530. Tel: (044) 801 9435, Faks: 086 529 9985
Epos: keith@george.org.za

31 Julie 2015

58292

SOUTH AFRICA FIRST –
BUY SOUTH AFRICAN
MANUFACTURED GOODS

SUID-AFRIKA EERSTE –
KOOP SUID-AFRIKAANS
VERVAARDIGDE GOEDERE

The “Provincial Gazette” of the Western Cape

appears every Friday, or if that day is a public holiday, on the last preceding working day.

Subscription Rates

R276,00 per annum, throughout the Republic of South Africa.

R276,00 + postage per annum, Foreign Countries.

Selling price per copy over the counter R16,30

Selling price per copy through post R23,00

Subscriptions are payable in advance.

Single copies are obtainable at 16th Floor, Atterbury House, 9 Riebeek Street, Cape Town 8001.

Advertisement Tariff

First insertion, R39,00 per cm, double column.

Fractions of cm are reckoned as a cm.

Notices must reach the Director-General not later than 10:00 on the last working day but one before the issue of the *Gazette*.

Whilst every effort will be made to ensure that notices are published as submitted and on the date desired, the Administration does not accept responsibility for errors, omissions, late publications or failure to publish.

All correspondence must be addressed to the Director-General, PO Box 659, Cape Town 8000, and cheques, bank drafts, postal orders and money orders must be made payable to the Department of the Premier.

Die “Provinsiale Koerant” van die Wes-Kaap

verskyn elke Vrydag of, as die dag ’n openbare vakansiedag is, op die laaste vorige werkdag.

Tarief van Intekengelde

R276,00 per jaar, in die Republiek van Suid-Afrika.

R276,00 + posgeld per jaar, Buiteland.

Prys per eksemplaar oor die toonbank is R16,30

Prys per eksemplaar per pos is R23,00

Intekengeld moet vooruitbetaal word.

Individuele eksemplare is verkrygbaar by 16de Vloer, Atterbury House, Riebeekstraat 9, Kaapstad 8001.

Advertensietarief

Eerste plasing, R39,00 per cm, dubbelkolom.

Gedeeltes van ’n cm word as een cm beskou.

Kennisgewings moet die Direkteur-generaal voor 10:00 op die voorlaaste werksdag voor die uitgawe van die *Koerant* bereik.

Hoewel alle pogings aangewend sal word om te sorg dat kennisgewings soos ingedien en op die vereiste datum gepubliseer word, aanvaar die Administrasie nie verantwoordelikheid vir foute, weglatings, laat publikasies of versuim om dit te publiseer nie.

Alle briefwisseling moet aan die Direkteur-generaal, Posbus 659, Kaapstad 8000, gerig word en tjeks, bankwissels, posorders en poswissels moet aan die Departement van die Premier betaalbaar gemaak word.

CONTENTS—(Continued)**INHOUD—(Vervolg)**

	Page		Bladsy
Langeberg Municipality: Consent Use and Departure	1621	Langeberg Munisipaliteit: Vergunningsgebruik en Afwyking	1621
Langeberg Municipality: Consent Uses	1620	Langeberg Munisipaliteit: Vergunningsgebruike	1620
Mossel Bay Municipality: Amendments to Property Rates Policy	1631	Mosselbaai Munisipaliteit: Amendments to Property Rates Policy (English Only)	1631
Mossel Bay Municipality: Amendments to the Customer Care, Indigent, Credit Control and Debt Collections Policy	1641	Mosselbaai Munisipaliteit: Amendments to the Customer Care, Indigent, Credit Control and Debt Collections Policy (English Only)	1641
Mossel Bay Municipality: Amendments to the Tarrif Policy	1636	Mosselbaai Munisipaliteit: Amendments to the Tarrif Policy (English Only)	1636
Stellenbosch Municipality: Amendment	1621	Stellenbosch Munisipaliteit: Wysiging	1621
Stellenbosch Municipality: Liquor Trading Hours By-Law	1646	Stellenbosch Munisipaliteit: Verordening Insake Handelsure vir Drankverkope	1657
Stellenbosch Municipality: Rezoning	1620	Stellenbosch Munisipaliteit: Hersonerig	1620
Swellendam Municipality: Consent	1618	Swellendam Munisipaliteit: Vergunning	1618
Western Cape Gambling and Racing Board: Official Notice	1627	Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne: Amptelike Kennisgewing	1627
Western Cape Gambling and Racing Board: Official Notice	1628	Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne: Amptelike Kennisgewing	1628